

Die Here God en die Lam is die tempel (OP28)

Openbaring 21:22

14 Februarie 2021

Ons is tans besig om die nuwe Jerusalem te bestudeer. 'n Paar van die aspekte rondom die nuwe Jerusalem wat ons alreeds geleer het, is die volgende: Die nuwe Jerusalem is ook die bruid van die Lam, en is dus ook 'n beskrywing van die ware gelowiges. Ons het gesien die realisering van die nuwe Jerusalem is juis vervulling van Ou Testamentiese profesieë, wat verder ontwikkel het deur die loop van die Nuwe Testament en wat aan die einde van die tyd 'n hoogtepunt bereik. 'n Voorbeeld hiervan is Sag 2 waar 'n komende Jerusalem uitgemeet word, waarin God se heerlikheid gaan woon, en waarvan God self die muur is. Op 21 bevestig dat dit realiseer in die komende nuwe Jerusalem. Laasweek het ons juis die muur om die stad bestudeer, en gesien dat die muur God self is, dat die 12 poorte in die muur simbool is van Jesus wat die ingang is, en dat die fundamente van die muur die openbaring van God deur die profete in die Ou Testament en die apostels in die nuwe Testament is.

Die Here God en die Lam is die tempel (vers 22)

Verse 12-21 in Op 21 beskryf die muur om die stad. Op 21:22-22:5 gee 'n meer gedetailleerde beskrywing van die stad self. Vandag gaan ons hierna begin kyk, deur vers 22 te oordink. Vers 22 sê: "n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam." Dit herinner aan Sag 2 waar ons gelees het die stad het nie 'n muur – maar God self sal die muur wees. Johannes merk hier op dat hy nie in die nuwe Jerusalem 'n tempel gesien het nie – maar wel dat God en die Lam die stad se tempel is. Weereens moet ons raaksien dat hierdie stad nie 'n fisiese stad is nie, want daar is nie 'n fisiese tempel nie – terwyl daar tog wel 'n tempel is, naamlik God en die Lam.

In Op 21:3 het ons al iets soortgelyks gelees: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense". Dit is tog so dat die tempel God se woonplek onder die volk was. As God dus nou by die mense woon, kom dit tog ooreen met die feit dat God die tempel is.

Toe ons 'n paar weke gelede gekyk het na die feit dat God se woonplek nou by die mense is, het ek die stelling gemaak dat dit reeds van Genesis af duidelik is dat God by die mense wil woon. Hy het juis vir Adam en Eva in die tuin laat woon, wat ook die plek is waar Hy hulle besoek het. Ons het toe ook daarop gelet dat God van Adam en Eva verwag het om die tuin uit te brei tot dit eventueel die hele aarde sou oordek – die sondeval het die realisering hiervan egter gekortwiek. Ek het ook verskeie ooreenkomste tussen die tuin en die tabernakel uitgewys, met die gevolg dat ons kan sê die tuin was die eerste tempel.

Die tempel-tema is egter 'n groot saak wat deur die Skrif loop. Ek wil dus graag vandag grotendeels stilstaan by die ontwikkeling van hierdie tema wat uiteindelik uitloop op die stelling in Op 21:22 dat God en die Lam die tempel is in die nuwe Jerusalem. Ek is oortuig dit is belangrik om hierdie ontwikkeling raak te sien, te waardeer en in verwondering daaroor te staan.

Gebeure by Sinai

Ek volstaan by wat ek 'n paar weke gelede oor die tuin as eerste tempel gesê het. Ek beweeg dus direk aan na die gebeure by Sinai. Dit was by Sinai dat God aan die volk, kort na hulle uit Egipte verlos is, die opdrag gee om 'n tempel te bou. Lees Eks 25:8-9. Hier is twee belangrike sake om van kennis te neem: die doel met die tabernakel/heiligdom was juis sodat God tussen hulle kan woon, en verder moes hulle dit presies bou volgens die plan wat God vir Moses gewys het. In Eks 39:42-43 lees

ons dat die Israeliete alles presies gemaak het soos God hulle beveel het, en Moses het dit geïnspekteer om seker te maak dit was so. Die detail is dus vir God belangrik – en daarom behoort die detail ook vir ons belangrik te wees, en behoort ons te help om God se bedoeling te verstaan. Ek het ook nou al verskeie kere in vorige preke verwys na die simboliek van die tabernakel. Ek som dit net kortliks op: die tabernakel was ‘n simboliese uitdrukking van die nuwe lewende weg waarvolgens God in die nuwe verbond gelowiges sal red. Die voorhof met die brandofferaltaar en waskom simboliseer regverdigmaking – Jesus is die Lam wat geslag is op die brandofferaltaar en die gelowiges word gewas in Sy bloed. Die Heilige met die lampstaander, tafel met die toonbrode en wierookaltaar simboliseer heiligmaking – gelowiges wandel in die lig van die lampstaander (natuurlik is Jesus die Lig), hulle mag eet van die brood op die tafel met die toonbrode (natuurlik is Jesus die brood), terwyl hulle wierookoffers aan God offer, veral deur gebed (natuurlik bid Jesus en die Gees saam met hulle). Die Allerheiligste met die verbondsark en versoendeksel daarbo simboliseer heerlikmaking – Jesus se bloed word op die versoendeksel gesprinkel. Terselfdertyd is dit so dat die Allerheiligste gesien kan word as die plek waar God se troon is, wel miskien moet ons eerder sê dit is die voetbank van God se troon. Kan jy sien dat die inhoud van die tabernakel is enersyds Jesus – Hy is die fokus van al 6 die stukke meublement in die tabernakel, en andersyds is dit God self – dit is Sy troon se voetbank wat in die Allerheiligste gesimboliseer word. Vergelyk dit nou met wat Op 21:22 sê: die tempel is die Here God en die Lam – wat ooreenstem met die fokus van die tabernakel.

Kan ek net hier onderbreek: Laasweek het ons na die muur gekyk, onder andere ook na die materiaal waarvan die verskillende dele van die muur gemaak is in verse 18-21. Ons lees egter ook hier van die materiaal waarvan die stad self gebou is: volgens vers 18 was die stad self van goud en volgens vers 21 was die strate van die stad ook van goud. Ons het ook laasweek gesien die stad is ‘n kubus, wat herinner aan die Allerheiligste. Dit is natuurlik so dat alles in die Allerheiligste met goud oorgetrek was – en daarom maak dit net sin dat die stad self en die strate ook van goud gemaak moes wees.

In Eks 40:34-35 lees ons dat toe die tabernakel ingewy is, het die magtige teenwoordigheid van God die tempel gevul. Dit onderstreep dus dat die tabernakel wel God se woonplek onder die volk was – maar andersyds moet ons ook onthou dat die nuwe Jerusalem het die heerlikheid van God (Op 21:11).

Die Salomo-tempel

In 2 Sam 7 dui Dawid aan dat hy vir God ‘n tempel wil bou. Ons weet dat hy nie die tempel gebou het nie, maar wel sy seun Salomo. Die tempel het basies dieselfde uitleg, en dus simboliek, as die tabernakel. Maar let op, toe die tempel ingewy is, lees ons weer dat die magtige teenwoordigheid van die Here, letterlik Sy heerlikheid, die tempel gevul het (1 Kon 8:10-11).

Esegiël

Daar is heelwat ontwikkeling wat in die boek Esegiël gebeur wat belangrik is om raak te sien om die verdere ontwikkeling van die tempel-tema te verstaan. Onthou, Esegiël was ‘n ballingskap profeet. Hy was saam met die volk weggevoer na Babel. In Eseg 1 sien Esegiël by die Kebarrivier in Babel daardie komplekse en misterieuse visioen van 4 wesens met gesigte en vlerke en hande. Boonop is daar ‘n komplekse stelsel van wiele vol oë. Die wiele maak die hele troon wat Esegiël sien hoogs beweeglik. En bokant die wesens is daar ‘n gewelf. Eseg 1:28 verduidelik wat die hele visioen verteenwoordig: dit is ‘n verskyning van die heerlikheid van God (OAV). Al met al, is dit dus ‘n visioen van God se heerlikheid – maar let op dit is hoogs beweeglik, baie mobiel.

In Eseg 8:4 lees ons dat Esegiël weggevoer word deur die Gees na Jerusalem. Daar sien hy weer hierdie visioen van die beweeglike troon van God. Esegiël word dan gekonfronteer met die

gruweldade wat plaasvind in Jerusalem, en veral in die tempel – lees as voorbeeld Eseg 8:7-12. Lees nou Eseg 11:14-16. Hier praat God met Esegïël, en God sê vir hom dat die mense in Jerusalem redeneer dat die mense wat saam met Esegïël in Babel is, hulle is die mense wat ver van die Here af is. Immers, hulle is ver van die tempel en die beloofde land af. Die beloofde land is tog die land wat God vir hulle gegee het, die tempel in Jerusalem is tog die plek waar God aanbid wil word. Hulle redeneer die ballinge is weggevoer omdat hulle die mense is wat afvallig van God is, terwyl die wat steeds in Jerusalem is nader aan God is – ten spyte van al die gruwelike dinge wat hulle aanvang. God redeneer egter anders: ja, Hy het die ballinge weggevat na die ander lande toe, soos Babel – maar God het egter steeds vir hulle ‘n heiligdom gebly in die vreemde land waar hulle nou is. Die belangrike punt wat ons moet raaksien is dat God eerder simpatie het met die ballinge, as met die in Jerusalem. En God is vir die ballinge dan ‘n heiligdom selfs in Babel. In die verloop van Eseg 10-11 beweeg die heerlijkheid van God op daardie beweeglike troon, van die tempel, na die drumpel van die tempel, en eventueel uit Jerusalem uit na ‘n berg oos van Jerusalem (waarskynlik die Olyfberg). Wat ons moet raaksien: a.g.v. die sondes van die mense in Jerusalem, verlaat God (se heerlijkheid) die tempel. God begin demonstreer Hy is nie gebonde aan die fisiese Jerusalem of die fisiese tempel nie. Hy wil eerder vir die ballinge ‘n heiligdom wees as vir die goddeloses in Jerusalem.

Blaai nou na Eseg 37:26-28. In hierdie verse maak God ‘n aantal belangrike stellings: (1) God gaan ‘n nuwe verbond oprig – ons het al vantevore gesien dat Esegïël ons baie leer oor die nuwe verbond. (2) Hierdie nuwe verbond gaan effektief wees dat God sy heiligdom tussen hulle gaan oprig, om vir altyd daar te bly, en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. Maar dit is presies wat ons in Op 21:3 gelees het gaan gebeur as God alles nuut maak! (3) Die ander nasies gaan ook hiervan kennis neem.

In Eseg 40-48 sien Esegïël dan daardie visioen van ‘n toekomstige tempel en stad, Jerusalem. Dit is ‘n visioen oor hierdie komende heiligdom waarvan God in Eseg 37 gepraat het. In Eseg 40-42 lees ons detail van hierdie tempel – beskryf in ou verbond terme. Maar lees nou saam met my Eseg 43:1-5. Hier lees ons dat Esegïël weereens daardie mobiele, misterieuse troon van God sien – wat laas die tempel in Jerusalem verlaat het. God se heerlijkheid is op hierdie troon. En hierdie heerlijkheid van God vul hierdie toekomstige tempel. Nou, hierdie toekomstige tempel en stad wat Esegïël in Eseg 40-48 sien is ‘n beskrywing van die Nuwe Jerusalem – op baie plekke nog in ou verbond terme. Onthou hoe ons laasweek opgelet het na ooreenkomste tussen wat Esegïël hier sien en Op 21: altwee word gemeet, altwee het mure om, die beskrywing van die twaalf poorte in die stadsmuur, of die heiligdom wat vierkantig is. En die boek sluit af met die stelling dat daardie komende stad voortaan genoem sal word: Die Here is daar! Dit is dus geen wonder nie dat ons in Op 21:11 lees die stad het die heerlijkheid van God nie. Dit stem ooreen met wat Esegïël hier in Eseg 43 sien.

Onthou egter, dat hierdie hoofstukke waarin die heerlijkheid van God na die tempel terugkeer ver die toekoms inkyk. Kom ons kyk wat gebeur in die geskiedenis nadat God se heerlijkheid die tempel in Jerusalem verlaat het tot by die einde van die tyd wanneer hierdie visioen realiseer.

Na ballingskap: Esra/Nehemia

Na die ballingskap keer die volk terug na die beloofde land. In Esra en Nehemia lees ons dat Jerusalem en die tempel herbou word. Dit is egter so dat die herboude tempel nie naastenby so indrukwekkend was as die tempel van Salomo nie. Lees saam met my Esra 6:15-18 – hier lees ons van die inwyding van die herboude tempel. Wat opvallend is, is dat hier niks gesê word van die heerlijkheid van God wat die tempel gevul het nie – anders as met die inwyding van die tabernakel of Salomo se tempel. Hoekom nie? Onthou, in Esegïël het God se heerlijkheid die tempel verlaat, en die visioen van Eseg 40-48 het nog nie in vervulling gegaan nie. Kyk nou wat verder in die Bybel gebeur.

Nuwe Testament

Kom ons blaaï nou na die Johannes ewangelie toe. Kom ons lees Joh 1:14. Hier lees ons dat die Woord mens geword het, wat natuurlik na Jesus se menswording verwys. En Hy het onder ons kom woon. En ons het Sy heerlikheid aanskou – die heerlikheid wat Hy as die Enigste Seun van die Vader het. Sien jy dit? God het deur Sy Seun onder ons kom woon – soos wat Hy destyds in die tempel onder die volk kom woon het, en soos wat Hy in Esegïel 37 en in Op 21 beloof het Hy aan die einde sal doen. En boonop toe Hy kom om onder ons te woon – toe sien ons Sy heerlikheid, die heerlikheid wat Hy as Seun van God het – daardie heerlikheid wat die tabernakel en Salomo se tempel gevul het, maar nie die tempel na die ballingskap nie!

In Joh 2:13 ev reinig Jesus die tempel. In vers 18 spreek die Jode Jesus hieroor aan. Let op wat sê Jesus in v19: Breek hierdie tempel af en in drie dae sal ek Hom oprig! Die Jode is verontwaardig, want hulle bou nou al 46 jaar hieraan! Maar Jesus het met die term “tempel” Sy liggaam bedoel. Jesus begin om duidelik te maak hulle moet anders oor die tempel begin dink. Hulle moenie meer primêr aan die gebou dink nie. Nee, hier kom ‘n wentelpunt. Sy liggaam, dus Hyself, is die tempel. Begin jy iets hoor van Op 21: Die Lam is die tempel! In Joh 4 praat Jesus met die Samaritaanse vrou. Aan haar verduidelik Hy dat daar ‘n tyd gaan kom wat hulle die Vader nie meer op daardie berg of in Jerusalem sal aanbid nie – maar wel in Gees en waarheid. Die belangrike aspek is nie meer die fisiese tempel of fisiese Jerusalem nie – nee, die belangrike is God moet aanbid word. Begin jy iets hoor van Op 21: God is die tempel – aanbid Hom in Gees en waarheid!

Blaai na 1 Kor 3:9b. Julle is die gebou van God! 1 Kor 3:16: Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie. Hier vorder die ontwikkeling nog ‘n stap. Nie net is Jesus die tempel nie, die gelowiges is ook die tempel – want hulle is Sy liggaam. God woon in hulle – deur Sy Gees! Maar onthou die gelowiges is die nuwe Jerusalem. Verstaan jy dat Johannes nie ‘n fisiese tempel daar sien nie? God is daar. Jesus is daar. En die gelowiges is daar. Jesus beskryf Sy eie liggaam as die tempel, en Paulus beskryf Sy liggaam, die gelowiges, ook as die tempel.

Voeg nou nog hierby wat ons die laaste paar weke gesien het in 2 Kor 3:18 – hier lees ons dat die gelowiges, wat nou die tempel is, weerkaats die heerlikheid van God, en dit neem steeds toe! Onthou jy Op 21:11: die stad het die heerlikheid van God!

Verstaan jy die punt? In Esegïel verlaat God se heerlikheid die tempel. En God beloof voortaan gaan Hy volgens die nuwe verbond werk. Dit is hoe God Sy heiligdom, Sy tempel, onder die mense sal vestig. En wanneer God dit bewerkstellig het, sal dit vir ewig bly staan. Met die koms van Jesus, breek die nuwe verbond aan. God kom woon onder die mense deur Sy Seun. Hulle sien iets van Sy heerlikheid. Hy maak dit baie duidelik dat die tyd dat God se heerlikheid gekoppel word aan ‘n fisiese tempel of Jerusalem is verby. Nee, die fokus van aanbidding is God self. Die Lam is die tempel. En Sy liggaam, die gelowiges, is die tempel. Hulle weerkaats nou al iets van God se heerlikheid – maar dit neem steeds toe. Tot die einde van die tyd kom: dan weerkaats hulle die heerlikheid van God soos ‘n kristalhelder opaal. Daarom is daar nie ‘n tempel in die nuwe Jerusalem nie. Want God en die Lam, wat die inhoud van die Ou Testamentiese tempel was, is self nou daar. En boonop, is die gelowiges ook daar. Hulle is ook die tempel van God. Want dit is in hulle dat God Sy heerlikheid demonstreer.

Wat is die gevolg van dit alles. Kyk na Op 21:26 – die mense bring die skatte en rykdom van die nasies na die nuwe Jerusalem! Watter mense? Wel, vers 27 verduidelik die enigste mense wat daar sal wees, is die wie se name in die boek van die Lam staan. Hoekom bring hulle al die rykdom soontoe? Hulle bring dit om daardeur die heerlikheid van God te verheerlik!

Toepassings

- In die eerste plek moet ons onthou dat ons reeds in die nuwe verbond leef. Ons leef dus reeds in die tyd dat God nie meer gedien word deur fisiese dinge nie. God heg nie waarde aan tempels en kerkgeboue nie. Nee, ons leef in die tyd waar God in Gees en waarheid aanbid moet word. Kan ek jou vra: Is God werklik die fokuspunt van jou aanbidding? Verstaan jy hoe heerlik, en dus aanbiddenswaardig, God is? Verstaan jy dat jy nou alreeds daardie heerlikheid moet weerkaats, selfs al is dit nog gebrekkig in hierdie lewe? Verstaan jy dat jy nie daardie heerlikheid demonstreer deur enigiets kunsmatigs of meganisties nie? Byvoorbeeld nie deur gereelde erediensbywoning of ywerige Bybelstudie of gereelde gebede nie – as die werklike fokus van daardie erediensbywoning of Bybelstudie of gebede nie God self en Sy heerlikheid is nie?
- In die tweede plek (en hier ploeg ek met Don Carson se kalwers soos wat ek hom onlangs hieroor hoor praat het): Kom ons dink oor die komende nuwe Jerusalem waarvan ons, as ons gelowiges is, deel gaan wees. Waarna sien jy uit as jy daaraan dink? Dikwels as jy by 'n begrafnis is, word daarvoor gepraat dat ons weer die afgestorwene sal sien in die hiernamaals. Is dit waarna jy uitsien? Om weer met jou ouers te kan gesels? Of dalk 'n kind wat voor jou gesterf het? Of dalk sou jy graag met Paulus 'n gesprek wou hê of hy gelowiges of ongelowiges in gedagte gehad het toe hy Rom 7 geskryf het? Ek glo dat ons gerus daarna mag uitsien om weer met ons dierbares kontak te mag hê. Maar daar is iets wat dit alles by verre gaan oortref! Nie iets nie, maar iemand. God self gaan daar wees. In al Sy heerlikheid. En ons gaan Hom sien. En ons gaan Sy heerlikheid in volmaaktheid weerkaats. Maar let op – self ons heerlikheid is Sy heerlikheid. As ons nog nie primêr opgewonde is oor die feit dat God daar gaan wees in al Sy heerlikheid wanneer ons oor daardie komende era dink nie, sê dit een van twee dinge: óf ons begrip van daardie era is nog gebrekkig, óf ons begrip oor God is nog gebrekkig, ons dink nog nie groot genoeg oor God en Sy heerlikheid nie. Kyk net hoe heerlik is die pad wat God geloop het om ons te laat verstaan dat Hy met ons op pad is na die punt dat ons Hy en ons die ware tempel sal wees, wat gevul is met Sy heerlikheid. Kan ek jou vra: vrees jy werklik God? Het jy so 'n groot agting vir God dat die feit dat God self in die nuwe Jerusalem gaan wees as die tempel, al jou verwagtinge oor daardie komende era totaal en al oorskadu?